

## Hoofstuk 8

### Slotbeskouing

Die term "kultuur" is gebaseer op die mens-omgewing-interaksie. Indien 'n mens terugskouend kyk na die resultate van die navorsing, is daar gepoog om eerstens die groter oorhoofse faktore te identifiseer wat die geskiedkundige verloop van die vestiging in die studiegebied bepaal het (ligging, natuurlike hulpbronne, staatkundige ontwikkelings en ekonomie), en tweedens te fokus op die kultuurontwikkeling binne die studiegebied in reaksie op die oorhoofse gebeure (die aard van landbou, interaksie tussen emigrant-boere en inheemse bevolking, volksboukuns, omgewingsdegradering en integrasie van verskillende wit kultuurgroepe). Die resultate van die navorsingsvrae word vervolgens uiteengesit.

#### **Die wyse waarop die mens met die natuur en met die rivier geskakel het**

Die San het gedurende die Laat-Steentydperk (40 000-200 jaar voor die huidige) in die Koepel-omgewing langs die Vaalrivier rondbeweeg. Die veldvrugte, bolplante en die wildediere wat by die rivier kom watersuipt het, was 'n konstante bron van voedsel, en enkelinge het hulle hier gevestig. Die Sotho-Tswanas het vóór die *Difaqane* in die heuwels gebly; veldvrugte, vis en wild was volop. Daar was goeie weidingsgras en water vir hulle vee, en rivierwater is boonop vir die afkoelproses in hulle smeltoonde gebruik. Sedert 1836 het mense van Europese herkoms (ook Voortrekkers genoem) hulle hier gevestig. In die Koepel-omgewing was driewe waar handelspaaië van suid na noord deur die rivier geloop het. Die trekkers kon hier met hul vee deur die rivier trek, en daar was voldoende weidingsgras, water, 'n houtvoorraad en areas met maklik bewerkbare grond op die rivier se vloedvlaktes. Die vestiging sedert 1840 het nie net om die watervoorraad vir mens en dier gewentel nie, maar eerder die groot hoeveelheid wild in die wateromgewing wat vir die kospotte gejag is. Trokke leeu, luiperde, olifante, buffels, renosters en seekoeie het in hierdie omgewing voorgekom en vele plase is selfs na hierdie diere vernoem.

In vergelyking met die omliggende streke, beskik die Koepelgebied oor unieke klimatologiese kenmerke, soos die warm bosveldklimaat wat 'n beduidende rol in vestiging gespeel het. Die studie-area is hoofsaaklik in die grasveld- en savanna- (oftewel bosveld-) biome. Die Sentrale bosveld-biostreek (savanna-variasie), wat

die Goudrif-bergagtige bosveldbioom en die Andesitiese bergagtige bosveldbioom insluit, het oor geskikte gras vir die wild asook winterweiding vir vee beskik. Die blanke nedersetters het as veeboere gebruik van seisoenale nomadisme (*transhumance*) gevolg om voldoende voeding vir hulle vee te verseker. Veeboere uit die Potchefstrooms-distrik het byvoorbeeld in 1906 nog na die Koepelbergland by Venterskroon en oor die Vaalrivier na die Vrystaat getrek om te oorwinter. Binne die droë Hoëveldse grasveld-biostreek (grasveld-variasie) is die Vredefortkoepel-granietgrasveldbioom (in die Vredefort-omgewing) en die Carletonville-dolomitiese grasveldbioom (in die Potchefstroom-omgewing). Die gras van hierdie streke was besonder geskik vir weiding. Ook was die grondgehalte geskik vir landbou. Die geografie en grondsamesstelling van die betrokke omgewing het 'n direkte invloed op die benutting van die grond gehad. Op die vloedvlaktes langs die Vaalrivier is landbou beoefen, terwyl vee- en wildboerderye in die bergland en grasveldomgewing voorgekom het. Die emigrant-boere se roekelose jag na wild het die Koepel-omgewing, wat deel was van die sogenaamde Riemland, van een van sy groot ekonomiese bates beroof. Verder het veeboerdery oor die jare in hierdie area merkbaar afgeneem, omdat die weidingsgras as gevolg van oorbeweiding beskadig en stelselmatig vernietig is. Die antropogeniese verandering van die omgewing, tesame met bepaalde natuurlike gebeure (soos byvoorbeeld droogtetoestande), het weldra die kultuur van grondbenutting bepaal. Veetiesktes, soos die runderpes-epidemie (1896-1897), asook die verskroeiende-aardebeleid teen die einde van die Anglo-Boereoorlog (1902), het die veestapel in die hele land in 'n groot mate uitgedun, en weidingsgras is noodgedwonge omgeploeg om meer bestendige landbou in die tydperk van heropbou ná 1902 te verseker. Dit was ook in die studiegebied die geval. Die mens het gevolglik die komplekse naturomgewing aangepas by hul behoefte om voortbestaan te verseker. Sommige grondeienaars poeg die afgelope twee dekades, om plase in die bosveldbioom te konsolideer, grensdrade te lig, inheemse gras te hervestig en om groter eenhede as wildsplase te skep. Grootwild word op hierdie eenhede hervestig, en seldsame, kwesbare en bedreigde spesies aangehou, versorg en van uitwissing gered. Die slotsom waartoe daar gekom is, is dat grondeienaars hervestiging, bewaring en beskerming van die natuurlike fauna, flora en bedreigde spesies vooropstel. Daar bestaan gevolglik 'n gesonde wisselwerking tussen die mens, die natuur en, meer spesifiek, die benutting van die Koepelbiome.

Die Koepel-omgewing is besonder waterryk aan stroompies, fonteine, panne en vleilande, met 'n direkte afloop na die Vaalrivier. Alhoewel die rivier nie die enigste waterbron in die Koepel-omgewing is wat die lewe in die Koepel bepaal het nie, het dit vroeër 'n beduidende rol gespeel. Tydens die reënseisoen was die Vaalrivier gewoonlik in vloed, en tydens die droë seisoen weer sonder water. Hierdie tendens het noodwendig 'n invloed op die kultuur van die boerende gemeenskap gehad, aangesien water noodsaaklik was in die daaglikse bestaan. Gedurende die reënseisoen het die mense gevrees vir vloede wat hulle gesaaides en die driewe verspoel het, en transportryers gestrand gelaat het. Die rivierwater is gebruik om daaglik te gaan was en deur sommige individue om in te doop en selfs vir rituele reiniging-seremonies. Die hidrosfeer (wateromgewing) van die Vaalrivier speel selfs 'n besondere rol in die vrees vir spoke en die onbekende, en ook in die bygelowe rakende die waterslang onder die inheemse bevolkingsgroepe.

#### **Die ontwikkeling van menslike vestiging in die omgewing van die Vaalrivier**

In die Vredefortkoepel is verskeie historiese voetspore wat dui op golwe van vroeë vestiging in die omgewing van die Vaalrivier. Daar is plekke wat van kultuurhistoriese belang is, wat vanaf die Laat-Steentydperk tot die hede dateer. Terreine met San-rotskuns, soos rotsgravures (petrogliewe) op Daspoort en verskeie rotsskilderye op Nauwpoort en Feestdrift, is reeds ontdek. Voorts is klip- en ysterwerktuie en ander argeologiese reste volop in die hele area, maar veral op gelokaliseerde terreine soos op Schoemansdrift, Parson's Rust (Habula Lodge), Lesutoskraal en in die grot op Buffelskloof. Verder is daar menige verlate klipstrukture van die Sotho-Tswana-sprekendes in die heuwels, waarvan daar slegs aan die noordweskant van die Vaalrivier by Askoppies (Tijgerfontein) en Buffelshoek argeologiese opgrawings gedoen is.

Die emigrant-boere die neiging getoon om grense na willekeur te verskuif, dominerend op te tree en die inheemse bevolkingsgroepe te verdring, wat noodwendig tot verset gelei het. Die inheemse bevolkingsgroepe in die omgewing van die Vaalrivier moes dikwels vlug vir hulle lewe. 'n Sekere groepering van die voorste trekkers het die Bybel as motivering vir die besondere vestigingswyse gebruik en dit voorgedou as rigtinggewende paradigma. Dit het hoofsaaklik tot uiting gekom in hulle optrede teenoor die inheemse bevolkingsgroepe, hul vestigingspatrone, en hul beskouing van grondbesit. Die emigrant-boere het grond vir vee geruil en ook as oorlogsbuit van die inheemse bevolkingsgroepe geneem. Uit die Voortrekkertydperk is daar twee

gevegsterreine noord van die Vaalrivier, naamlik een by Liebenberg-koppie (Rietpoort) en die ander een waar die "slag van die Vaalrivier" op Koppieskraal plaasgevind het. Hier kan 'n mens nog Voortrekkergrafte besigtig. Gedurende die eerste fase van blanke pioniersvestiging (1836 tot ongeveer 1848), is die omgewing op 'n eksperimentele grondslag verken en benut. Potchefstroom (buite die Koepelomgewing maar die naaste mark aan die studiegebied) is as dorp op 'n besige ossewarioete na die noorde gestig. Die inheemse bevolkingsgroepe is as arbeiders op die plase, volgens die inboekstelsel in diens geneem. Die tweede fase van vestiging (1848 tot ongeveer 1886) is gekenmerk deur die uitmeting van die eerste plase aan die Vrystaat- en Z.A.R.-kante van die Vaalrivier en die benutting van die natuurlike hulpbronne soos die weiveld en wildstapel waaroor die distrik beskik het. Vrystaatse veeboere het uitgifte en later grondbriewe (1848-1849) tydens die Britse anneksasie vir leningsplase ontvang. Grond is as vergoeding vir militêre diensplig gegee. Noord van die Vaalrivier is daar tot 1858 twee plase (een saai- en een veeplaas) onder sekere voorwaardes aan landsburgers gegee. Tydens hierdie fase het die emigrant-boere aan beide kante van die Vaalrivier permanente geboue en strukture (rondawels en reghoekige wonings) opgerig. Boumateriaal het uit die onmiddellike natuurlike omgewing gekom. Gekapte klip, sooimure, opgekleide mure en mure van rou- of songedroogde stene, asook gebrande en gebakte stene, is kenmerkend van hierdie volksboukuns. Verskeie voorbeelde van 19<sup>de</sup>-eeuse volksbou-argitektuur wat strukture en geboue ouer as 60 jaar (die tydperk wat deur die erfeniswetgewing beskerm word) insluit, is nog sigbaar op die Koepellandskap. Dit gee 'n sekere historiese gelaagdheid aan die omgewing om 'n kultuurlandskap van eiesoortige karakter te vorm.

Die teenwoordigheid van die Vaalrivier, die berge en veral die huishoudelike waterbron, het noodwendig die posisie van die woning en alle aktiwiteite daaromheen beïnvloed. Aangesien die rivier se water vroeër tydens die winterseisoen opgedroog het, is daar noukeurig aandag gegee aan die watervoorraad tydens die keuse van 'n standplaas. Behalwe die geologiese formasies en topografie, is die boerdery-aktiwiteite in 'n meerdere mate bepaal deur die bestaande grondbenuttingspatroon, die bruikbaarheid van die grond, ruimtelike faktore (soos byvoorbeeld die ligging van die paaie, asook van die naaste dorpe of markte), en wetlike voorskrifte rakende grondgebruik.

Die ontdekking van diamante (1867) het nie net delwers van buite gelok nie, maar ook 'n afsetgebied vir die landbouprodukte van die gevestigde boere in die

studie-area geskep. Transportry was 'n lonende besigheid, veral om landbouprodukte en brandhout na die delwerye op Kimberley te vervoer. Teen 1889, met die toestroming van delwers en kapitaal na die Potchefstroomse en Venterskroonse goudelwerye, het 'n tydperk van tydelike welvaart in die Koepelomgewing ingetree. Die algemeenste gebruik van water buiten vir die regstreekse behoeftes van die mens, dier en landbou, was by die delwerye, waar water 'n deurslaggewende rol gespeel het. Die betrokke plaaseienaars het waterlisensies by die staat verkry en water aan die delwers en waterkarweiers verkoop. Met die ontdekking van goud in die Koepelbergland en diamante in die Vaalrivier by Parys, het veral die rivier 'n prominente rol gespeel. Die goudmynbedryf op Rooderand (Venterskroon) en Buffelskloof het verskeie uitlanders gelok. 'n Beduidende hoeveelheid swart en bruin arbeiders het as trekarbeiders op die delwerye gaan werk en die landelike kultuur vir 'n dorpskultuur verruil. Die spore van laat 19<sup>de</sup>- en vroeë 20<sup>ste</sup>-eeuse mynbou-aktiwiteite, soos groewe, ingangstonnels, gruishope, skagte, kliphuise, spoorstawe en koekepanne, is nog sigbaar op Rooderand, Buffelskloof, Elandslaagte en Reebok kop. Tydens die delwers-era het die dorpies Parys en Vredefort beide aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier as gemeentes (kerkverband) hulle beslag gekry, en Venterskroon en Reitzburg as myndorpies. Venterskroon, die dorpie met sy sinkskooltjie, hotel en anneks, "boeren winkel" en poskantoor (onder een dak), tronk, polisiestasie, skoolmeester se huis en die mynkommissaris se kantoor, is lankal reeds gedeproklameer. Reitzburg se skooltjie wat leeg staan, het saam met die mynboubedryf 'n stille dood gesterf. Die gebruik van sinkplate het saam met die delwers na die Koepelarea gekom, en verskeie reghoekige (pionierstipe) rietdakhuise se dakke is vervang met sinkdakke. Die "sinkplaatstyl", die verandae en stoepkamerhuise, is kenmerkend van hierdie ontwikkeling. Op die delwerye het die argitektuur 'n Victoriaanse karakter gekry. Die welvaart was egter van korte duur in die studie-area, aangesien die delwerye tot niet gegaan en die delwers weggetrek het. Tipiese geboue en strukture uit die delwery-tydperk is sigbaar op Venterskroon en in die Koepellandskap.

Die verskroeiende-aardebeleid van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het grootskaalse armoede onder beide wit en swart veroorsaak. Sommige swartes het hul dienste as arbeidsbron aangebied in die vorm van plaaswerkers, deelsaaier of boerearbeiders, ander het plakkers op blanke plase geword of stede toe getrek agter arbeidseleenthede in die goudmynbedryf aan. Die oorlog het die plaashuise verniel en ná 1902 dakloos gelaat. Weens die skaarste aan dekgras en

die beskikbaarheid van sink is die grasdakke meestal met sinkdakke vervang. Verskeie historiese terreine wat met die Anglo-Boereoorlog geassosieer word, soos slagvelde, forte, heliograafposte en ontsnaproetes, asook begraafplase wat uit die vroeë 19<sup>de</sup> eeu dateer, kom voor op die landskap.

Die goudmynbedryf en Anglo-Boereoorlog kan beskou word as twee belangrike eksterne invloede op die ontwikkeling in studiegebied. Eerstens het dit veroorsaak dat groot wisselings in bevolking plaasgevind het en tweedens die verwoesting en verval van infrastruktuur wat gewissel het van dorpies tot individuele wonings.

### **Die wyse waarop die kommunikasieroetes, eilande, ekonomie en die besondere aard van die Koepelkultuur deur bo-stroom-waterbestuur verander is**

Die driewe waar mense reeds eeue lank die rivier oorsteek, is deel van 'n netwerk van kommunikasieroetes tussen noord en suid, waar die natuur- en die menslike kultuurgeskiedenis mekaar ontmoet het. Besige driewe soos dié op Parys het dorpies geword. Dit kan sonder meer aanvaar word dat kommunikasiemiddels in die tydperk voor die bou van brûe in die studiegebied baie eenvoudig en primitief was, in vergelyking met dié van vandag.<sup>1</sup> Die Vrystaters (Parys- en Vredefort-areas suid van die Vaalrivier) en die destydse Transvalers (Potchefstroom-area noord daarvan) was byvoorbeeld gedurende die reënseisoen, as gevolg van die vol rivier, grotendeels van mekaar geïsoleer. Dit het toegang tot die naaste dorpe en markte jaarliks vir 'n paar maande lank gestuit, met verreikende gevolge. Aangesien Potchefstroom die hartklop van die handel en ekonomie was, het die Vrystaters aan die kortste ent getrek. Hierdie toestand het kultuurverspreiding noodwendig gestuit en -verskille bevorder. Die isolasie was egter nie so omvangryk nie en die boere kon hulle produkte na die Kroonstadse mark, wat heelwat verder was, vervoer. Geografiese hindernisse soos die berge en die Vaalrivier het beslis 'n belangrike rol in die ligging van die transport- en posroetes (paaie) gespeel, terwyl die groei en kwyn van dorpe die pos- en kommunikasieroetes bepaal het. Die verskuiwing van die pos- en transportroete oor Vanvurensdrift (Schurwedraai/Koedoeslaagte) deur die Koepel-omgewing na Parys en Schandinawiëdrift, het byvoorbeeld die Koepelkernegebied in 'n groot mate geïsoleer.

---

<sup>1</sup> Twee brûe is in die studiegebied gebou, een by Parys (1915) en een by Schoemansdrift (1937), wat die noord-suid-beweging grotendeels vergemaklik het.

Die eienaarskap van die Vaalriviereilande stroomaf van Parys het 'n probleem geskep, omdat daar onsekerheid bestaan het oor watter republiek beheer daarvoor gehad het. Die eilande is as strategiese verblyfplekke gesien en is van tyd tot tyd deur plakkers bewoon. Hulle vee het siektes gehad en onbeheerde houtkappery het die eilande verniel. Verder is rooftogte vandaar beplan en uitgevoer, tot groot las van die oewerbewoners. Dit was ook 'n wegstroep vir ontduikers van kommandodienste, wat die eilande as neutrale gebied beskou het. Oewerplaaseienaars het op die eilande geploeg en hulle vee daar laat wei, dit as deel van hul plase beskou en selfs betrek. Vrystaatse plase is op die oorspronklike kaart-en-transportaktes tot in die middel van die Vaalrivier opgemeet en eilande in dié gebied is vroeër as plaseiendom beskou. Transvaal se grens (ook die oewerplasegrense) is volgens die Sandrivierkonvensie (1852) as ten noorde van die Vaalrivier, m.a.w. die oewer van die rivier beskou. Uit die Eilandeverslag (1895) blyk dit dat die eilande min of meer gelykop tussen die twee Boererepublieke verdeel is. Die belangstelling in die eilande was vir die oewergrondeienaars hoofsaaklik funksioneel (landerye), en vir die betrokke state finansiëel (belasting) van aard. Gedurende die Anglo-Boereoorlog is die eilande as strategiese posisies beskou en deur skerpskutters betrek. Ná die Anglo-Boereoorlog is daar in die droë winterseisoen vir diamante in die Vaalrivier geprospekteer. Hierdie delwerye het as die Vaalrivierdelwerye bekend gestaan.

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand (1886) en die gevolglike ontwikkeling van transportroetes en veral spoorweë in Transvaal, het 'n sleutelrol in die omringende streke gespeel. Die bou van die spoorwegnetwerk (1892) oor Kroonstad na Johannesburg en oor Potchefstroom na Krugersdorp, het die Koepel uitgesluit. Dié area was ver van stasies en vervoerkostes was duur. Dit het die Koepelboerderye geïsoleer van die stedelike markte aan die Witwatersrand. Die hidrologiese projekte bo-stroom, soos die bou van die Barrage (1916-1923), Vaaldam (1932-1938) en later die Lesotho Hoogland-Waterskema (1986-1998), het 'n buffer geskep tussen die sterk seisoenale afloop van die Vaalrivier en die konstante verbruik deur die stedelike inwoners. Die Vaalrivier is in 'n standhoudende stroom verander. Die watervlak van die rivier word tydens die reënseisoen gereguleer om vloedskade te verminder, en die rivier het selde gedurende die winter opgedroog. Gevolglik was daar heel jaar genoeg water vir die bespoeiing van gewasse en vir veesuip, wat 'n omvangryke impak op boerdery-aktiwiteite (soos byvoorbeeld op die besproeiingsplase Rietpoort en

Koppieskraal in die studiearea en die Vaalharts-besproeiingsgebied stroomaf in die Noord-Kaap) gehad het.

Sedert die vroegste vestigingsjare van die emigrant-boere is verskillende strategieë gebruik om water op die plaaswerf te kry. Die Vaalrivier is "getem" deur studamme en keerwalle te bou, wat telkens tydens vloede weggespoel het. Verder is putte gegrawe, asook besproeiingskanale, keerwalle, leivore, watervore, windpompe, en gronddamme opgerig vir die opvang en berging van die watervoorraad. Vir droëland-gewasse is op die reën staat gemaak; andersins is meer moderne besproeiingstegnieke gebruik. Die proses van verandering aan die woning is ná die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) in die Koepelgebied te bespeur, veral met betrekking tot die tegnologie rakende lopende water, sanitasie en elektrisiteit binne die woning. In 'n groot mate is die benutting van ruimtes in die huis verander. Kenmerkend is die samevoeging van sekere aktiwiteite onder een dak. 'n Groter en "moderner" huis is meestal gebou met 'n binne-kombuis, badkamer en toilet, en die pionierstipe huis is ontruim. Die ou huis is meestal aangepas om as stalle of bergplek te dien. Andersins is die voor- en/of agterstoepe van die pionierskern toegebou om vertrekke te word. In sommige gevalle is die ouer woning vir arbeidersverblyf beskikbaar gestel. Dit is opmerklik dat hierdie moderne veranderinge nie deel van die werkers se huise was nie, heel moontlik omdat hulle verblyf as tydelik van aard beskou is.

### **Faktore wat die mens oor die tydperk 1840-2012 na die wateromgewing van die Vaalrivier aangetrek en/of daarvan weggestoot het**

Die mens kan homself selde vrymaak van die houvas wat sy omgewing op hom het. Droogtetoestande aan die Kaap het die landbou-veeboer in 'n trekboer verander, wat met sy veekudde na water getrek het om te kan voortleef. Hoewel die kultuur van eenvoudige jagtersgemeenskappe (San) 'n redelik statiese karakter getoon het, is die veeboere (Bantoesprekendes en emigrant-boere) ook deur faktore soos droogte en gevolglik verminderde weiding, asook deur gevegte (die *Difaqane* en Groot Trek) met ander etniese groepe oor weidingsgebiede gedwing om hul leefwyse na 'n trek-kultuur te verander. Die *Difaqane* en die Groot Trek (snelle migrasie-prosesse) kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die erge droogtetoestande wat gedurende die eerste kwart van die 19<sup>de</sup> eeu in die suidelike dele van Suid-Afrika geheers het. Almal het na waterryke dele getrek.

Die ontwikkelingsproses van die gebied kan gesien word as die resultaat van 'n reeks gebeure waartydens die Vaalrivier 'n primêre rol vervul het, soos droogtes,



migrasiepatrone, die *Difaqane*, en pioniersvestiging op leningsplase. Tydens die daaropvolgende tydperk van mynbou-aktiwiteite (*Potchefstroom/Vredefort diggings*), Britse imperialisme, die Anglo-Boereoorlog en diamantdelwerye (*Vaal River diggings*) in die Vaalrivierbedding, veral in die omgewing van Parys, het die rivier eerder 'n sekondêre rol gespeel. Tussen dit alles deur was die Vaalrivier 'n grenslyn - soms vaag, soms baie duidelik afgebaken in die kollektiewe gewete van die samelewing in die twee Boerestate. In die eerste instansie is die drif 'n plek waar mense deur die rivier kan kom (trekfaktor). By die uitspannings aan beide kante van die drif, is daar ook vir 'n wyle vertoef. Die eerste plase aan die suidekant van die Vaalrivier was leningsplase by die driewe gewees. Op die meeste van hierdie plase het die regering ook 'n paar morg vir 'n uitspanning opsy gesit waar reisigers teen 'n vasgestelde fooi kon uitspan. Verskillende faktore, soos die permanente vestiging van die emigrant-boere (vanaf 1836), die afbakening en omheining van plase (1890), asook die installasie van windpompe en boorgate (ná die 1890's), het die trek-tradisie finaal gestuit. Vloede, die teenoorgestelde van droogte, hou vele gevare in, wat vrees veroorsaak en mense van die rivier wegstoot. Die natuur blyk 'n daadwerklike rolspeler in die geskiedenis van die plaaslike inwoners van die gebied te wees. Wit en swart Suid-Afrikaners het 'n gedeelde geskiedenis, ook in die Koepelgebied. Dit kom veral tot die voorgrond in die (weg)stoot- en (aan)trekfaktore rakende vestiging. Natuurlike rampe soos peste, plae, en droogtes, asook menslike rampe soos oorlog (ná 1902) en ekonomiese depressie, veral in die 1930's, was stootfaktore wat 'n groot invloed op die geskiedenis van plaaslike nedersetters uitgeoefen het. Die invloed van die bodem, soos die rivier wat opdroog (waterskaarste), hongersnood, veesterftes, 'n sukkelende ekonomie en toenemende isolasie, het inwoners meestal laat wegtrek na werksgeleenthede en beter omstandighede in die stede. Vir diegene wat agtergebly het, was dit 'n stryd om te oorleef. Hierdie inwoners moes oorlewingsaanpassings maak, en het mekaar meestal bygestaan.

Armoede was 'n probleem in die binneland, wat ook in die Koepelarea gemanifesteer het. Dit kan grotendeels toegeskryf word aan die gevolge van die verhuising uit die Kaapkolonie, waar 'n mate van verarming reeds op die trekp pad ingetree het. Herhaalde droogtes, en veral veediefstal deur die inheemse bevolking daarná, het hulle posisie verder versleg. Armoede ná die Anglo-Boereoorlog (1902), en latere terugslae as gevolg van droogtes (veral tydens 1932-1933), het sommige boere verplig om hul plase te verkoop en as 'n bywoner op iemand anders se grond te woon, óf om hul plase onbenut agter te laat en in

die stede te gaan werk soek. Armoede en terugslae het inwoners van die landelike gebied na die stede gedryf en 'n golf van verstedeliking het plaasgevind. Die ongerepte "veld" van die vroeë 19<sup>de</sup> eeu wat 'n trekfaktor vir die koloniste was om in die binneland te gaan vestig en aan te pas by die omgewing, het teen die einde van die 19<sup>de</sup> eeu 'n stootfaktor geword.

Die ontdekking van goud en diamante (1886) in die Koepel-omgewing het mense na die area getrek. Die waterrykheid van die omgewing het 'n sekondêre rol gespeel. Europese kundiges en kapitaal asook 'n spoorweg-netwerk het hulle stelselmatig tot diep in die binneland laat geld. Verder is hierdie tydperk veral deur die instroming van nuwe immigrante – meestal Britse onderdane – asook die verstedeliking van swart en wit gekenmerk. Ná die Anglo-Boereoorlog (1902) het die myne in die stedelike gebiede gemeenskappe geskep deur landelik-stedelike migrasie asook inter-kontinentale migrasie te bevorder. Hierdie myne het mense na die stede veral gelok (getrek) deur die belofte van 'n beter lewenstyl of beter lewensomstandighede. Grootskaalse verstedeliking en landelike ontvolking was die gevolg. Die versnelling van swart verstedeliking ná 1910 het gelei tot wette wat hulle tot spesifieke gebiede beperk het en wat gemik was om verblyftoestande en toestroming na stedelike gebiede te beheer. Ná die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het droogtetoestande, onekonomiese plaaseenhede, konsolidasie van plase, lae produktepryse, stygende bedryfskoste, en die installering van elektrisiteit, bo en behalwe die verminderde werksgeleenthede in die landbou as gevolg van meganisasie, menige plaaswerkers oorbodig gemaak. Die daaropvolgende nywerheidsomwenteling het swart verstedeliking versnel en lokasies moes gebou word om die groterwordende groep te akkommodeer. Hierná is swartmense se bewegings en verblyf tot sekere gebiede beperk en is die grondslag gelê het vir die latere tuislandbeleid. Verskeie Tswanagroepe is verskuif, onder andere die Baralong-nasate van Machaviestad buite Potchefstroom. Verstedeliking en die skep van swart woongebiede buite die omliggende dorpe en stede het veroorsaak dat die landelike dele van die Koepel-omgewing verder ontvolk het. 'n Beduidende aantal plaaswerkers en hulle gesinne wat nog op die plase gewerk en gebly het, is ná 1994 as gevolg van verkiesingsbeloftes soos gratis huise, krag, water, pensioen en mediese voordele na die stedelike lokasies (townships) getrek. Verder het die betrokke onderwysdepartement plaasskole gesluit, en mense met skoolgaande kinders moes noodgedwonge dorp toe trek. Minimum lone en ander arbeidswetgewing, asook swak geriewe het saam 'n eenrigting-migrasiestroom na stedelike gebiede

veroorzaak. Gevolglik is groei in die omliggende stedelike gebiede, en ontvolking van hierdie landelike gebied, verhaas.

Die Vaalrivier is 'n trekpleister vir toerisme en ontspanning, wat oor 'n tydperk van meer as 100 jaar strek. Dis interessant dat die Vaalrivier se oewer op verskeie plekke ook gedurende die 19<sup>de</sup> eeu 'n gesogte area was om tydens vakansietye met die ossewa uit te span. Ná die stigting van Parys (1882) is die Vaalrivier reeds as primêre ontspanningsbete beskou. Die moontlikheid van die proklamasie van 'n gedeelte van die Koepel as wêrelderfenisgebied (2005), asook die agteruitgang van Mimosa-tuine, het die ligging van toerisme-aktiwiteite sedert 2006 verder stroomaf geskuif. Die meeste ontspanningsfasiliteite is steeds langs die Vaalrivier gekonsentreer, met heelwat besienswaardighede in die omgewing van die wêrelderfenisgebied. Die ligging van die buitelug-ontspanningsaktiwiteite het van die oewer na die rivier self (kano- en witwaterroei (*white water rafting*)) verander. Die Vaalrivier word in die Parys-omgewing gekenmerk deur kleiner stroomversnellings, onreëlmatig-gevegte strome, keerwalle en eilande, wat dit onbevaarbaar maak vir bote, maar wel bruikbaar vir kano's. Gevolglik is dit een van die eerste plekke in Suid-Afrika waar witwaterroei (*white water rafting*) as toeriste-aantreklikheid beslag gekry het. Nadat die Vredefortkoepel as wêrelderfenisgebied gelys is, is die betrokke omgewing, en daarmee saam Parys, op die wêreldkaart geplaas. Die teorie dat die Vredefortkoepel deur 'n meteoriet geskep is, is van resente oorsprong en bloot 'n natuurwetenskaplike observasie; tog word hierdie geogeskiedenis as trekpleister gebruik om toeriste na die area te lok. Sedert die 1980's verkies die nuwe grondeienaars om eerder die natuurlike habitat te benut en wildboerdery te bedryf, as om veeboerdery en landbou te beoefen. Die geskikte bergagtige bosveldbiome op die Koepelrante (en die toerismepotensiaal) leen hul uitstekend tot die bevordering van hierdie tipe boerdery, terwyl die rioolbesoedelde Vaalrivierwater onbruikbaar geraak het vir besproeiingsaktiwiteite, en plaasarbeid duur is. Ons kan aanneem dat die Vaalrivier se watergehalte en verandering in die tipe grondeenaar (stedelinge) 'n evolusie in die grondbenutting meegebring het. Die Vaalrivier, wat vroeër hoofsaaklik 'n funksionele rol (watervoorsiening vir die huishouding, veesuiw en besproeiing) gespeel het, vervul nou grotendeels 'n estetiese rol, deur mense van elders te trek om in die omgewing te kom ontspan. Nie-boerdery-aktiwiteite soos toerisme en ontspanning benut die gunstige klimaattoestande in samehang met die proklamering van die gebied as wêrelderfenisterrein optimaal.

Beskawings oor die eeue is aangetrek deur water en het hulle om oorlewingsdoeleindes gevestig in omgewings waar daar water is, en weggetrek indien daar 'n tekort ontstaan het. Die lotgevalle van die stroomaf-watergebruiker is een van die oudste knelpunte in die bestuur van water; die watergebruikers in die Vredefortkoepel-omgewing is weens 'n unieke sameloop van omstandighede ook uitgelewer. Die Vaalrivier word sedert die 1980's deur waterbesoedeling onder groot druk geplaas.<sup>2</sup> Die hoofsaake is industriële besoedeling bo-stroom<sup>3</sup> en die rioolbesoedeling weens die gebrek aan onderhoud en die swak bestuur van Vredefort en Parys se rioolwerke.<sup>4</sup> Die benutbaarheid van landbougrond asook toerisme-aktiwiteite op die Vaalrivier word hierdeur nadelig beïnvloed. Sedert die laat-1880's het 'n geneigdheid tot die eksploitering van die bo-stroomse mynbou-aktiwiteite posgevat. Goudmyne wat sedert 1886 in die Witwatersrand in bedryf was, word gesluit en mynwater word nie meer oordeelkundig bestuur nie. Die suurmynwater, gevul met soute, swaar metale (waarvan sommige radio-aktief is) in die uitgewerkte verlate goudmyne besoedel reeds die bestaande riviere aan die Wesrand. Die moontlikheid bestaan dat dit in die Vaalrivier opgeneem gaan word.<sup>5</sup> Die Wonderfonteinspruit,<sup>6</sup> Kliprivier<sup>7</sup> en Blesbokspruit<sup>8</sup> hou gevolglik 'n gevaar in terme van watergehalte vir die Vaalrivier in.

Die mens se handelinge (vestigingspatrone en boerdery-aktiwiteite) in en met die Vredefortkoepel se water-omgewing strek oor 'n lang tydperk. Om die sentrale teoretiese stelling te versterk kan verskeie algemene historiese strominge geïdentifiseer word en temas uit die verlede tot in die hede, wat strek oor meer as 170 jaar, deurgetrek word. Soos reeds genoem was hierdie gebied vanaf 1840

---

<sup>2</sup> D. Hollowes & V. Munnik, *Poisoned spaces: manufacturing wealth, producing poverty*, pp. 101-102.

<sup>3</sup> J.W.N. Tempelhoff et al., "The Vaal River Barrage, South Africa's hardest working water way: an historical contemplation" in *TD*, 3(1), July 2007, pp. 114-115.

<sup>4</sup> J.W.N. Tempelhoff et al, "An Investigation into the environmental health of the Vaal River in the vicinity of Parys" (Report 1/2008. Research Niche Area for the Cultural Dynamics of Water, North-West University, Vanderbijlpark, 2008).

<sup>5</sup> Acid mine drainage (AMD) waste water into the Klip River, Rietspruit, Suikerbos- and Vaal Rivers (Briefing to Sedibeng United Business Forum), Stonehaven on Vaal, 2012.08.02.

<sup>6</sup> F. Winde & E.J. Stoch, "Threats and opportunities for post closure development in dolomitic gold mining area of the West Rand and Far West Rand (South Africa) – a hydraulic view (2): opportunities" in *Water SA*, 26(1), January 2010, pp. 75-82.

<sup>7</sup> T.S. McCarthy et al., "The collapse of Johannesburg's Klip River Wetland" in *South African Journal of Science*, 103 (9-10), September/October 2007, pp. 391-197.

<sup>8</sup> Acid mine drainage (AMD) waste water into the Klip River, Rietspruit, Suikerbos- and Vaal Rivers (Briefing to Sedibeng United Business Forum), Stonehaven on Vaal, 2012.08.02.

aan 'n unieke ontwikkeling van omgewings-, staatkundige en ekonomiese faktore onderworpe. 'n Diverse reeks biome kom in die Koepel voor wat verskeie moontlikhede gebied het vir die bestaan van jagters, veeboere sowel as akkerbouers. As gevolg van die Sentrale bosveld-biostreek (savanna-variasie) in die Koepelbergland, met geskikte gras vir winterweiding kon veeboere byvoorbeeld met hulle vee daar oorwinter. Die Vaalrivier (een van die groot riviere in Suid-Afrika) wat deur hierdie gebied loop, het beide positiewe en negatiewe gevolge vir die mens ingehou. Hierdie lewensaar van die gemeenskap, waar mense uitgespan en ontspan het, het by tye opgedroog dan was oorlewingsaanpassings noodsaaklik. Soms was die rivier in vloed, met noodlottige en gevolge en ekonomiese verliese. In die Goudrif-bergagtige bosveldbloom en langs die Vaalrivier is verskeie minerale ontdek. Die plaaslike goud- en latere diamantstormloop was beide van korte duur. Die belangrikste redes vir die agteruitgang van die goudmynbedryf in die studie-area kan toegeskryf aan swak goudneerslae, primitiewe ontginningsmetodes, swak paaie, die runderpesepidemie, langdurige droogtetoestande en die Anglo-Boereoorlog. Die diamant-delwerye in die Vaalrivierbedding kon net gedurende die wintermaande, wanneer die watervlak aansienlik gedaal het, bedryf word. Die binnekoms van mense uit ander wêrelddele en van kapitaal het kultuuroordrag, -verskeidenheid, en veral tegnologiese vooruitgang en kapitaal saamgebring, wat tot voordeel van die boerende gemeenskap gestrek het.

Die Vredefortkoepel was nog nooit 'n afgebakende juridiese of munisipale streek gewees nie, gevolglik het verskillende staatkundige reëlins rakende grondbesit en burgerreg aan weerskante van die rivier bestaan. Die vervoer van landbouprodukte na ander markte, as gevolg van die afwesigheid van 'n groter nabygeleë stedelike nodus, was 'n kernbeperking op die ekonomiese voorspoed van die studiegebied. Gevolglik het die driwwe en later die twee brûe groot ekonomiese betekenis aan die area gegee. Die aanvanklike ossewa- en posroetes oor die Vaalrivierdriwwe was 'n stimulus vir die ekonomiese ontwikkeling van die omgewing. Die sluit van die driwwe vir die invoer van oorsese goedere (Oktober 1895) en latere bou van die spoorverbinding na die destydse Transvaal (1892) het die Koepelarea uitgesluit. Gevolglik het die ver afstand na die naaste stasie tot ekonomiese verliese gelei en tot groot nadeel van die inwoners in die studiegebied gestrek. Die stroomop-metropool, wat omvangryke dambouprojekte genoodsaak het, het met verloop van tyd 'n besoedelingslas

veroorzaak. Dit is vererger deur intensiewe en omgewings-onsensitiewe boestroomse mynboupraktyke.

Hierdie eksterne faktore het merkbaar neerslag gevind in die lewenswyse en relatiewe voorspoed in die studiegebied. Die rotskuns, latere vestings op die rantjies en die smeltoonde van die inheemse bewoners is 'n aanduiding van die gunstige omstandighede in die studiearea lank vóór 1840. Die aanvanklike toekenning en besetting van plase het ná 1840 plaasgevind, waarna die emigrant-boere individuele besitreg op verowerde en geruilde grond verkry het in ruil vir kommandodiens. Die ontdekking van diamante (1967) het 'n mark vir landbouprodukte (en transportry) geskep. Gevolglik het 'n markgerigte stelsel in die Boererepublieke posgevat, met Potchefstroom as naaste handelsentrum aan die studiegebied. Die goudmynbedryf (1886) en latere Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het 'n merkbare invloed op die bevolkingsdigtheid en -samestelling landwyd, en dus ook in die Koepelgebied gehad. Mynbou het 'n groot hoeveelheid werkers getrek, terwyl die oorlog getalle merkbaar verminder het en infrastruktuur verwoes het. Die teenwoordigheid van die rivier het die posisie van nedersettings en ook die woning op 'n plaas bepaal. Die mens se behoefte (aan die water) het ook die ontwikkeling van die infrastruktuur soos die bou van keerwalle en damme aangewakker. Oor die tydperk 1840-2012 is die natuur getem. Boorgate is gesink om water in droogtetye te verseker. Die Koepellandskap het verander en op plekke gedegradeer. Areas is deur landbou ontbos, terwyl daar op die veeplase bosindringing plaasgevind het. Verskillende kultuur- en etniese groepe het 'n rol gespeel in die geskiedenis van die Koepel-omgewing, in besonder die gevolge van die *Difaqane*, die gebruik van swart- en bruinmense as arbeidsbron, die Asiërhandelaars, die integrasie van verskillende witgroepe, asook die Anglo-Boereoorlog en die gevolglike verstedelikingsproses. Met die verkryging van wêrelderfenisstatus in 2005 het 'n nuwe tydvak vir die Vredefortkoepel-omgewing op sosio-ekonomiese gebied aangebreek. Die Koepelgemeenskap is en word ook feitlik deurgaans uitgelewer aan groter strominge stroomop.

Die skrywer ag dit noodsaaklik dat die akademiese gemeenskap 'n bydrae lewer tot die herbesinning van omgewingsake soos mynbou, besoedeling, voedselsekureit en verwante sake wat in geheel die volhoubaarheid van ons samelewing bepaal.